

Joël 3

1 Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander,

2 sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.

3 En oor my volk het hulle die lot gewerp en 'n jong seun weggegee vir 'n hoer en 'n meisie verkoop vir wyn en dit gedrink.

4 En ook, wat het julle met My te doen, o Tirus en Sidon en al die landstreke van Filistéa? Wil julle My iets vergelde, of wil julle My iets aandoen? Gou, ylins sal Ek julle dae op julle hoof laat neerkom.

5 Want julle het my silwer en my goud geneem en my kosbare skatte na julle tempels gebring.

6 Verder het julle die kinders van Juda en die kinders van Jerusalem aan die kinders van Jawan verkoop, om hulle ver van hul grondgebied te verwyder.

7 Kyk, Ek sal hulle laat opstaan uit die plek waarheen julle hulle verkoop het, en julle dae op julle hoof laat neerkom.

8 En Ek sal julle seuns en julle dogters aan die kinders van Juda verkoop, en dié sal hulle verkoop aan die Sabeërs, aan 'n verafgeleë volk want die HERE het dit gespreek.

9 Roep dit uit onder die nasies, heilig 'n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk!

10 Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held.

11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek!

12 Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.

13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot.

14 Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing!

15 Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in.

16 En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel.

17 Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie.

18 En op dié dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk en al die spruitjies van Juda stroom van water; en uit die huis van die HERE sal daar 'n fontein uitkom om die dal Sittim te besproei.

19 Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n woeste wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van Juda aangedoen het, dat hulle onskuldige bloed in hul land vergiet het.

20 Maar Juda sal vir ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag.

21 En Ek sal hulle bloed onskuldig verklaar, wat Ek tevore nie onskuldig verklaar het nie; en die HERE sal op Sion bly woon.

Inleidend

Die dae van die geestelike hernuwing van die volk van die Here (Joël 2:28-29, 32) en die dae van oordeel oor die goddelose (Joël 2:30-31; 3:1-21) val saam. In die dae wanneer die Here die lot van sy volk sal verander, sal Hy die nasies versamel om hulle te oordeel oor die geweld wat hulle teen sy volk gepleeg het. Die Here het belowe om die sprinkane te vernietig (Joël 2:20), net so sal Hy ook die nasies wat teen sy volk opgetrek het, vernietig.

Voordat daar met die nadere bestudering begin word, is dit goed om eers 'n geheel beeld van die hoofstuk voorhande te kry. Hier volg dan 'n voorlopige indeling van die hoofstuk:

- 3:1-17 - God se oordeel oor die vyande van Israel
- 3:1-8 - Die aankondiging van die oordeel
- 3:9-17 - Die beskrywing van die oordeel
- 3:18-21 - Israel se finale hernuwing

Vers 1 tot 17 – God se oordeel oor die vyande van Israel

Vers 1 tot 8 – Die aankondiging van die oordeel

Want kyk, in dié dae en in dié tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander, sal Ek al die nasies versamel en hulle na die dal van Jósafat laat aftrek, om daar met hulle 'n strafgerig te hou ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het.

En oor my volk het hulle die lot gewerp en 'n jong seun weggegee vir 'n hoer en 'n meisie verkoop vir wyn en dit gedrink.

En ook, wat het julle met My te doen, o Tirus en Sidon en al die landstreke van Filistéa? Wil julle My iets vergelde, of wil julle My iets aandoen? Gou, ylings sal Ek julle dade op julle hoof laat neerkom. Want julle het my silwer en my goud geneem en my kosbare skatte na julle tempels gebring. Verder het julle die kinders van Juda en die kinders van Jerusalem aan die kinders van Jawan verkoop, om hulle ver van hul grondgebied te verwyder.

Kyk, Ek sal hulle laat opstaan uit die plek waarheen julle hulle verkoop het, en julle dade op julle hoof laat neerkom. En Ek sal julle seuns en julle dogters aan die kinders van Juda verkoop, en dié sal hulle verkoop aan die Sabeërs, aan 'n verafgeleë volk want die HERE het dit gespreek.

Vers 1 tot 3

In die tyd wanneer die Here die lot van sy volk – Juda en Jerusalem – gaan verander, sal Hy ook die nasies versamel en hulle na die dal van Josafat laat aftrek. Die woorde wat die tyd aandui - **in dié dae en in dié tyd** – dui nie 'n tydstip aan nie, maar eerder 'n tydperk. Dit is die tydperk wat begin het met die uitstorting van die Heilige Gees (Joël 2:28 en 29) op die eerste Christelike Pinksterdag. Die uitstorting van die Heilige Gees het die laaste dae ingelui wat uiteindelik sal uitloop op die wederkoms van Jesus Christus wanneer Hy die wêreld gaan veroordeel en sy eiendom finaal gaan verlos.

Maar die tydperk wat aangedui word met die woorde – **in dié dae en in dié tyd** – word hier in vers 1 nader bepaal met die woorde **wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem verander**. Hierdie laaste woorde sien veral op die terugkeer van die volk uit die ballingskap (vgl. Jer 30:3). Die terugkeer van die volk uit ballingskap en dit wat met die nasies gaan gebeur, is die Here se hande werk. Hy verander die lot van sy volk. En deel van die verandering van die lot van sy volk is die oordeel oor die nasies.

Die profesie van Joël 2:1-11 het ook die aanbreek van die ballingskap van die volk verkondig. En in antwoord op die Here se oproep tot bekering, sal die gelowiges hulle bekeer en daarom het die Here ook belowe dat Hy diegene uit die noorde afkomstig van sy volk af sal wegdryf (Joël 2:20). Die oordeel van die nasie uit die uit die noorde word in hoofstuk 3 verder uitgespel. Die oordeel wat hier uitgespel word, is die voorprent van die finale oordeel van die Here in die laaste dae.

Die Here sal die nasies versamel en hulle na die dal van Josafat laat aftrek, so sê Hy self. Hoe die Here die nasies sal versamel en na die dal van Josafat laat aftrek, word eers vanaf vers 9 geopenbaar. Hierdie versameling van die nasies en hulle aftrek na die dal van Josafat is nie iets wat die nasies teensinnig doen nie. Net soos in die geval van die nasies se optrek teen die volk van die Here toe Hy hulle as tugroede teen sy volk gebruik het, sal hierdie versameling en aftrek ook wees. Die nasies sal met graagte en oorgawe daarheen gaan.

Die plek wat hier genoem word die dal van Josafat is nie 'n bekende plek in die land van Israel nie. Hierdie dal word nêrens anders in die Skrif genoem nie. Die naam Josafat beteken *Jahwe oordeel* en kom heelwat kere in die Ou Testament voor as 'n persoon se naam. Die seun van koning Asa was Josafat en hy was vir vyf en twintig jaar koning van Juda. Jehu, die eerste koning van die Noordelike Ryk (Israel) was ook die seun van 'n ene Josafat.

Wat die dal van Josafat moet waarskynlik in die omgewing van Jerusalem wees. Sommige identifiseer hierdie dal met die vallei waardeur die Kedronspruit loop net Oos van Jerusalem. Arno Gaebelein merk op dat die dal waarskynlik nog nie bestaan nie en in die laaste dae sal ontstaan soos beskryf word in Sagaria 14. Hoe dit ook al sy, die Here sal die nasies daarheen versamel en daarheen laat aftrek om daar met hulle 'n strafgerig te hou. Dit is die plek waar die beslissing sal plaasvind (Joël 3:14). Hierdie profesie sien ook op die laaste oorlog – die slag van Armageddon (Open 16:12-16).

Die rede waarom die Here 'n strafgerig met die nasies gaan hou, is inderwaarheid die drie aanklagte wat nou volg: **ter wille van my volk en my erfdeel Israel wat hulle onder die nasies verstrooi het, en my land wat hulle verdeel het. En oor my volk**

het hulle die lot gewerp en 'n jong seun weggegee vir 'n hoer en 'n meisie verkoop vir wyn en dit gedrink.

Die nasies wat die volk van die Here in ballingskap weggevoer het, het hulle oor die aarde verstrooi en hulle het die land van die Here onder hulleself verdeel. Hierdie optrede van die nasies sien ook op die optrede van die goddelose mense teen die kerk van die Here. Wat die nasies ook al teen die volk en die kerk van die Here doen, doen hulle teenoor die Here en Hy gaan dit nie ongestraf laat bly nie. Hy gaan die nasies in die dal van Josafat versamel om 'n strafgerig met hulle te hou.

Die vyand het nie net die volk van die Here as slawe weggevoer en verstrooi oor die aarde nie. Hulle het ook nie net die land onder hulleself verdeel nie. Hulle het selfs sover gegaan om die kinders – die seuns en die dogters – as handelsware te hanteer. Vir 'n jong seun kon hulle 'n hoer kry vir die aand. En vir 'n jong meisie het hulle wyn inruil gekry.

Vers 4

Tirus en Sidon sowel as die Filistyne is die eerste van die nasies wat die Here hier by die naam noem. Die inwoners van Tirus en Sidon is van Phoenisiese afkoms. Die Here vra retoriese vra aan hierdie nasies.

Hy vra **wat het julle met My te doen** en **Wil julle My iets vergelde, of wil julle My iets aandoen?** In eenvoudige taal vra die Here hulle wat hulle met Hom te doen het. Daar is nie tussen Hom en hulle 'n spesiale verhouding soos wat daar tussen Hom en Israel is nie. Maar hierdie vraag gaan eerder oor die dade wat hierdie nasies gepleeg het teen die volk van die Here soos dit in verse 5 en 6 navore kom. Dus vra die Here inderwaarheid *Wat het Ek julle aangedoen dat julle teen my volk gedoen het wat julle gedoen? Het Ek iets aan julle gedoen dat julle My wil vergeld?*

Die antwoord op hierdie vrae is negatief. Die Here het niks aan hierdie nasies gedoen nie. Hierdie nasies het egter hulle kans waargeneem om hulleself te verryk ten koste van die volk van die Here. Die Here vereenselwig Homself so met sy land en volk dat Hy vra waarom die nasies Hom wil vergeld. Die wyse waarop die Here hierdie vrae stel herinner aan Jesus se woorde Matteus 25:36 en verder asook aan Jesus se

woorde aan Paulus op die pad van Damaskus. Wat mense ook al aan die mense van die Here doen, doen hulle inderwaarheid aan Hom.

Omdat die mense van Sidon en Tirus en die Filistyne onregverdig teenoor die volk van die Here en dus teen die Here opgetree het, bedreig Hy hulle. Hulle eie dade gaan binnekort en baie vinnig op hulleself afkom. Dit wat hulle die volk van die Here aangedoen het, sal ook nou met hulle gebeur.

Verse 5 en 6

In hierdie twee verse sê die Here wat die mense van Tirus en Sidon en die mense van die Filistyne gedoen het. In vers 5 sê die Here eers wat hulle Hom persoonlik aangedoen het. Hulle het sy silwer en goud en sy kosbare skatte en dit na die tempels van hulle afgode weggedra. Die kosbare skatte wat aan die Here gewy was, het hulle in die tempels van hulle afgode gaan sit, so asof hulle afgode sterker as die Here van hemel en aarde sou wees.

Verder het hulle ook nog die kinders van Juda en Jerusalem aan die mense van Jawan verkoop. Die mense van Jawan is die Grieke. En die Grieke het hulle weggeneem na hulle land ver van die Israeliete se grondgebied. Amos en Esegïël maak ook melding van hierdie slawehandel van die Filistyne (Amos 1:6, 9; Eseg 27:13, 19). Hierdie heidene het van God se mense handelsware gemaak.

Vers 7 en 8

Die Her sal nie toelaat dat daar met sy mense gemaak word wat die heidene wil nie. Hulle is sy eiendom. Daarom sal Hy sy eie mense wat as slawe verkoop is, laat opstaan uit die plek waarheen hulle verkoop is en die Here sal die dade van die heidene op hulle eie kop laat afkom.

Die Here sal 'n totale omkeer laat plaasvind. Hy sal hierdie heidene se seuns en dogters aan die kinders van Juda verkoop. En die kinders van Juda sal hulle weer aan die Sabeërs verkoop. Die Sabeërs is 'n handelsvolk in die Ou Testament (1 Kon 10:1; Jer 6:20; Eseg 27:22-23; 38:13). Hulle land, bekend as Skeba was in die suidweste van Arabië.

Dit wat die Filistyne en die mense van Tirus en Sidon gesaai het, dit sal hulle ook maai (Gal 6:7).

Vers 9 tot 17 – Die beskrywing van die oordeel

Roep dit uit onder die nasies, heilig 'n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk!

Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held. Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde, HERE, daarheen aftrek!

Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.

Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot.

Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing!

Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in. En die HERE brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel. Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie.

Vers 9 tot 11 – Oproep om gereed te maak vir die oordeel

Die Here gee die opdrag dat daar onder die nasies uitgeroep moet word om 'n oorlog te heilig. Uit die voorafgaande verse (Joël 3:7-8) lyk dit asof die Here hierdie opdrag aan sy volk gee wat Hy laat opstaan in die plekke waarheen hulle verkoop is. In vers 2 het die Here gesê dat Hy die nasies sal versamel en na die dal van Josafat laat aftrek. Die wyse waarop die Here die nasies gaan versamel is deur sy volk wat Hy opwek met die opdrag om onder die nasies te roep dat 'n oorlog geheilig moet word.

Om 'n oorlog te heilig beteken dat daar vir die oorlog gereed gemaak moet word. Al die krygsmanne moet hulleself nou afsonder vir hierdie groot oorlog wat gaan plaasvind omdat die Here die nasies gaan oordeel.

Die helde en al die krygsmanne van die nasies word opgewek om vir hierdie oorlog op te ruk. Deur sy volk daag die Here al die nasies vir die oorlog en dag van oordeel. Die nasies trek op met die gedagte dat hulle 'n kans staan om die Here en sy leër te oorwin. Maar min weet hulle dat die Here hulle juis bymekaar bring omdat Hy hulle gaan oordeel.

Aan die nasies sê die Here dat hulle van hulle pikke swaarde moet maak en van hulle snoeiskêre spiëse. Alles wat hulle tot hulle beskikking het moet hulle as 'n wapen gereed maak vir hierdie oorlog waartoe die Here hulle oproep.

Elkeen onder die nasies moet hulleself positief instel vir hierdie oorlog. Selfs die swakkes onder die nasies moet hulleself as helde sien. Die Here jaag as't ware die nasies aan om gou te maak. Hulle moet na hierdie oorlog haas en hulleself versamel teen die Here. Die nasies sal inderdaad met alle ywer hulleself gereed maak en opruk vir hierdie oorlog. In hulle eie waansin is hulle oortuig dat hulle die Here en sy leër kan verslaan. Wanneer hulle egter in die dal van Josafat opdaag, sal hulle tot hulle eie skok beseft dat hulle versamel is vir die laaste oordeel van die Here oor hulle. En in hulle eie hande sal hulle die inkriminerende bewyse van hulle geweld en opstand teen die Here vashou.

Vers 11 sluit af met 'n gebed van die profeet. Die profeet vra dat die Here sy helde na die dal toe moet laat aftrek. Die helde van die Here is sy engele – die leërs in die hemel wat Hom volg op wit perde vir hierdie laaste slagveld (Open 19:14).

Vers 12

Die Here sê verder dat die nasies moet klaarmaak en optrek na die dal van Josafat. Die nasies sal optrek na die dal van Josafat. Hulle gaan kom met die gedagte dat hulle teen die Here en sy leërmag oorlog gaan voer. Hulle gaan met elke denkbare wapen kom en met die volle oortuiging dat hulle die Here sal oorwin.

Maar groot sal hulle verbasing en skrik wees wanneer hulle in die dal van Josafat opdaag. Die oorlog waarheen hulle op pad is, is die hofsaak wat die Here met hulle het. Wat nog vir hulle na 'n oorlog lyk, gaan hulle oordeel wees.

Vers 13

Dan sê die Here vir diegene wat die oordeel van die Here oor die nasies gaan uitvoer om die sekel in te steek en die parskuip te trap. Die oordeel oor die nasies word vergelyk met 'n oestyd. Die sekel moet ingestek word, want die oes is ryp. Die parskuip moet getrap word, want dit is vol en loop oor. Die oes wat ryp is en die parskuip wat vol is, verwys na die groot boosheid van die nasies. Die nasies se sondes het vol geword – dit het tot volle ontwikkeling gekom. By niemand sal daar enige twyfel wees dat hierdie oordeel nodig en regverdig is nie.

Hierdie oordeel oor die nasies sal gebeur op die dag wanneer Jesus teruggekem het nadat die volk van die Here deur die groot verdrukking is. Die volgende Skrifgedeeltes kan ook vergelyk word: Psalm 2:1-12, Psalm 68:1-6; Jesaja 29:1-24; Jesaja 34:1-17; Jeremia 25:29-38; Esegïel 38:1-23; Sagaria 12:1-14; Sagaria 14:1-21, en Openbaring 14:14-20 en 19:19.

Verse 14 tot 16

Hierdie is die woorde van profeet. In sy profetiese vergesig sien hy hoe die menigtes in die dal van beslissing bymekaar kom. Die bymekaar kom van die menigtes is die nasies wat deur die Here versamel word in die dal van Josafat waar Hy 'n strafgerig met hulle sal hou.

Die dal van beslissing en die dal van Josafat is dieselfde plek. Josafat het ons al opgemerk, beteken *Jahwe oordeel*. Die Here gaan dus sy beslissing oor die nasies gee – Hy gaan in die strafgerig oor hulle oordeel. Die dag waarop dit gaan gebeur, word die dag van die Here genoem. Die volk van die Here weet wat die dag van die Here inhou, want hulle het dit beleef. Maar hierdie keer is dit die dag waarop die oordeel op die nasies wat vyandig is teenoor die Here en sy volk sal neerkom.

Dieselfde tekens in die hemele wat daar was toe die dag van die Here oor sy volk aangebreek het, word ook op hierdie dag van die Here in die dal van beslissing gesien. **Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in.** Die ganse skepping hou asem op oor wat aan die gebeur is. Duisternis spel onheil uit – onheil wat die Here oor die nasies gebied.

Op hierdie dag van die Here weerklink die stem van die Here uit Jerusalem. Die volk van die Here ken ook hierdie brul van die Here se stem, want hulle het dit gehoor toe die Here sy leërmag teen sy volk gekommandeer het oor hulle sonde. Die verskil tussen daardie dag van die Here en hierdie een is dat die Here se stem uit Jerusalem gehoor word en nie buite die stad nie. Die stem van die Here in sy oordeel is so verskriklik hard dat die hemel en die aarde bewe, net soos wat dit gebeur het toe die Here sy stem voor sy leërmag verhef teen die sonde van sy volk.

Midde in hierdie oordeel wat die Here oor die nasies uitspreek, is die Here self 'n toevlug en 'n skuilplek vir sy volk. Diegene wat die Naam van die Here in opregtheid en geloof aanroep, vind by die Here veiligheid. Hierdie oordeel wat oor die nasies kom, sal hulle nie tref nie.

Vers 17

Op die gerig wat die Here met die nasies sal hou in die dal van beslissing volg daar twee gevolge. Ten eerste sal – en nou praat die Here weer met sy eie volk – die volk van die Here weet dat die Here werklik hulle God is wat in hulle midde op Sion sy heilige berg woon. Hierdie gevolg is dieselfde as toe die Here weer sy volk met oorvloed koring, mos en olie geseën het (Joël 2:27). Dus sal die oordeel oor die nasies net so groots wees soos die herstel wat die Here vir sy volk gegee het. Die hele volk sal weet dat die Here van die verbond werklik hulle God is wat jaloers is oor sy verhouding met hulle.

Die tweede gevolg is dat Jerusalem dan werklik die heilige stad sal wees. Nooit weer sal daar iemand onrein in die stad kom. Nooit weer sal die stad 'n deurgang roete vir enigeen wees nie. Net die heilige volk van die Here wat van al hulle sondes gereinig is, sal daarin woon saam met die Here hulle God.

Vers 18 tot 21 – Israel se finale hernuwing

En op dié dag sal die berge drup van mos en die heuwels vloei van melk en al die spuitjies van Juda stroom van water; en uit die huis van die HERE sal daar 'n fontein uitkom om die dal Sittim te besproei.

Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n woeste wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van Juda aangedoen het, dat hulle onskuldige

bloed in hul land vergiet het.

Maar Juda sal vir ewig bly, en Jerusalem van geslag tot geslag. En Ek sal hulle bloed onskuldig verklaar, wat Ek tevore nie onskuldig verklaar het nie; en die HERE sal op Sion bly woon.

Vers 18

Daar is nie werklik so 'n duidelike skeiding tussen hierdie gedeelte (Joël 3 :18-21) en die vorige vers nie. In vers 17 is die herstelde verhouding tussen die Here en sy volk genoem deurdat die Here sê dat Hy op Sion woon as die God van die volk en daar sal nie meer vreemdes deur die stad trek nie.

Die Here gaan voort om te openbaar wat hierdie herstelde verhouding met Hom verder behels. **Die dag** verwys na die dag van die Here wat naby is in vers 14. Dit wil sê van die dag af wat die Here sy strafgerig met die nasies gehou het, sal die berge drup van mos, die heuwels vloei van melk en die spruitjies stroom van water. Die Here maak bekend dat daar nooit weer gebrek aan voedsel en drank en water sal wees nie. Die Here sal sy land en sy volk met oorfloed van alles wat nodig is, seën.

Daar sal nie weer droogte wees nie. Dit is nie net meer spruite wat enkele maande in die jaar water het nie. Dit is spruite wat stroom van die water. Die wingerde sal die berge so oordek dat dit lyk asof die berge drup van mos. Daar sal so baie melk gewende diere wees op die heuwel dat dit lyk asof die heuwels vloei van melk. In die nuwe bedeling – want dit is waarop hierdie profesie in besonder slaan na die finale oordeel van die Here – sal daar net oorfloed en seën van die Here wees.

En uit die huis van die Here sal daar 'n fontein uitkom wat en dit sal die dal Sittim besproei. Esegïel het ook later geprofeteer van die stroom water wat uit die tempel uitvloei en hoe verder die stroom vorder hoe dieper word die stroom (Eseg 47).

Die dal Sittim is oos van die Jordaan geleë. Daar is mooi en slegte herinneringe aan hierdie dal. Die slegte herinneringe – dit is waar die vroue van Moab die volk van die Here tot owerspel en afgodery verlei het aangesien Balak die volk nie kon vervloek nie. Daar is goeie herinneringe – dit is ook van hier af wat Josua en die volk opgetrek het om Jerigo en Kanaän in te neem.

Die stroom water uit die huis van die Here sal hierdie dal besproei. Die menslike mislukkings en oorwinnings word deur die Here bedek. Die mislukkings word vergeet en die oorwinnings word gesien in die lig dat dit in werklikheid die Here se eie is.

Vers 19

Egipte en Edom word genoem as verteenwoordigend van al die vyande van die Here se volk. In teenstelling met die seën wat die Here oor sy volk se grondgebied sal uitstort – berge wat drup van mos, heuwels wat vloei van melk en spruitjies wat stroom van water – gaan die grondgebied van die vyand 'n verlate woesteny word. Die vloek van die Here rus op die vyande se grondgebied.

En die rede waarom die Here dit gaan doen, is omdat hierdie vyande geweldig teenoor die kinders van Juda opgetree het en onskuldige bloed in hulle land vergiet het. Hierdie kleiner vyandige volke het hulle kans waargeneem toe die groot oordeel onder die hand van die noordelike volke op die volk van die Here gekom het. Hulle het van agteraf vir hulleself kinders van Juda gevange gaan neem. Uiteindelik het hulle ook hierdie kinders van Juda in hulle lande doodgemaak en so onskuldige bloed in hulle land vergiet.

Niemand van die vyande van die Here en van die vyande van die Here se volk sal skotvry kom nie. Maak nie saak hoe gering die onreg is wat hulle gepleeg het nie, oor elke onreg sal hulle tereg staan voor die Here.

Vers 20 en 21

Teenoor die grondgebiede van die vyande wat tot niet sal gaan, sal Juda en Jerusalem vir ewig bly. Met hierdie woorde word daar na anderkant die tyd in die ewigheid verwys. Daar gaan 'n tyd aanbreek wanneer die grondgebied van die gelowiges vir ewig aan hulle sal behoort. Die rede hiervoor word in die volgende vers aangedui.

Die Here sal die inwoners van Juda en Jerusalem – hierdie twee name is verwysing na al die gelowiges van die Here oor al die eeue heen – onskuldig verklaar. Hierdie onskuldig verklaring vind alleen plaas op grond van die verlossing wat die Seun van God vir die inwoners van Juda en Jerusalem bewerk het.

Die woorde **wat Ek tevore nie onskuldig verklaar het nie** verwys na die offers en handeling van die Here in die ou verbond. In die ou verbond het daar vir die sondaar versoening gekom met die Here op grond van die bloed van die dier wat geoffer is, maar daar het nog nie regverdiging gekom nie. 'n Dier kan immers nie die straf op die sonde van die mens dra nie. Dit is eers na die offer van die Seun van God dat die gelowiges van die ou verbond regverdiging ontvang, want nou is die skuld uiteindelik ten volle betaal.

Die grootste belofte het die Here vir heel laaste gelos. Die Here self sal op Sion woon. Na die voleinding van die verlossing op die laaste dag is daar niks meer wat skeiding maak tussen God en sy volk nie. Daarom woon Hyself tussen sy mense en sy heilige teenwoordigheid verseker die ewige bestaan van Juda en Jerusalem en die ewige regverdiging van die volk van God.